HARRISMITH VIER 170 JAAR

In 1849 kom ‘n dorp en gemeente aan die voet van Platberg in die Noord-Oos Vrystaat tot stand. ‘n Robuuste wyd uitgestrekte omgewing, Noord van die Maluti- en Drakensberge en op die platorand met Kwazulu-Natal in die Ooste. Hierdie is mooi wêreld in die somer wanneer dit groen is, maar bitter koud in die winter wanneer Platberg en die groter bergreekse dikwels deur ‘n sneeukombers bedek word.

Aanvanklik het die gemeente uit skaars 30 lidmate bestaan en is die bediening deur reisende predikante waaronder die bekende Andrew Murray, gedoen. In 1862 word die Skotse leraar Dugald MacMillan as eerste voltydse predikant bevestig. Sedertdien is die gemeente reeds deur 24 leraars bedien, waaronder ds JD Kestell. Die gemeente se eerste eredienste het in ‘n ou klipskooltjie plaasgevind. Die eerste kerkgebou is in 1873 opgerig, maar is gou weer afgebreek vanweë swak konstruksie. In 1892 is die tweede kerkgebou van sandsteen opgerig. Dit het bly staan tot in 1966 toe dit ook as gevolg van swak struktuur afgebreek moes word. Hierdie gebou het tydens die Anglo-boereoorlog as hospitaal gedien, maar is ook erg in dié tyd verniel. Die derde en huidige kerkgebou is op 22 Oktober 1967 in gebruik geneem. Die gemeente het tans 780 belydende- en 180 dooplidmate en word deur twee voltydse leraars bedien naamlik, di Gert Victor (sedert 2007) en Ulrich Ohlhoff (sedert 2017).

Hierdie gemeente was bevoorreg om vanaf 22 tot 25 Augustus 2019 hul 170ste bestaansjaar luisterryk te vier. Die Donderdag- en Vrydagaande is ‘n Passiespel deur lidmate opgevoer. Die kerkgebou was met beide geleenthede stampvol. Die bekende Machiel Roets, betrokke by musiekproduksies soos *Pretville* en *Liefling*, was verantwoordelik vir die regie en oorspronklike musiekverwerkings van die besondere Passiespel wat deur gewone lidmate en dominees opgevoer is. Ulrich Ohlhoff het die rol van Jesus vertolk, Org van der Watt die rol van Petrus en Gert Victor was die hoëpriester. Die reaksie van lidmate en toeskouers was oorweldigend positief en daar is net weer besef hoe treffend die verlossingsboodskap van Christus is en dat dit die ware Evangelie is waarop hierdie gemeente ook steeds gebou kan word.

Die besondere feesnaweek is Sondag 25 Augustus afgesluit met ‘n Fees-erediens en ‘n heerlike gemeente-ete. Verskeie oudleraars was teenwoordig en die erediens is deur byna 600 mense bygewoon. Die erediens is deur ds Ulrich Ohlhoff ingelei, met hartlike samesang begelei deur ‘n musiekgroep. Daarna is ‘n multi-media aanbieding oor die gemeente se geskiedenis vertoon. Senior lidmate Martiens en Mara Jansen het namens alle families deur die geskiedenis, ‘n Christus-kers aangesteek. Ds Ohlhoff het daarna ‘n kindermoment aangebied waartydens die kinders ‘n pragtige lied kon sing. Daarna is alle oudleraars en hul gades verwelkom. Ds Gert Victor se teks vir die Woordverkondiging was Psalm 81 vers 11, waar die Here Sy gemeente aanmoedig: *“Maak jy jou mond wyd oop, dan vul Ek dit.”* Die boodskap was: *Ons vier fees want God sorg!* Só wil Harrismith-gemeente ook gehoorsaam wees en afhanklik bly van die getroue God wat die geskiedenis en die lewe in Sy hande hou. Tydens die diens is ‘n nuwe kanselkleed in gebruik geneem waarvan die simboliek duidelik van afhanklikheid, lewe, lig, groei en getrouheid aan die Evangelie van Jesus Christus, spreek.

Na die erediens is 30 simboliese duiwe en 170 spierwit balonne losgelaat onder die geklank van pragtige vioolmusiek. Die duiwe simboliseer ons afhanklikheid van die Heilige Gees en ons vryheid in Christus en die balonne simboliseer die 170 genadejare waarin God voorsien en gesorg het. Daarna het 400 lidmate en gaste ‘n heerlike roerbraai-ete in en rondom die Jeugsentrum geniet. Daar is tot laat gekuier en feesgevier en geloofsbande is weer gesmee en bevestig. By al ons lidmate is daar ‘n diep dankbaarheid vir die voorreg om deel te mag wees van ‘n gemeente wat reeds vir 170 jaar deur God onderhou word. Ons vertrou Hóm ten volle vir die pad vorentoe.

Die gemeente se leuse is: “*Ligdraers in Liefde.”* Ons wil hierdie visie graag uitleef in die jare wat kom.

Leraars wat teenwoordig was van links na regs:

Ds Enslin van Velden (1989-1997)
Dr Johan de Jager (1983-2007)
Ds Alec Kriel (1977-1982)
Ds Gert Victor (2007 tot hede)
Ds Jackie Strachan (gemeenteseun in bediening)
Ds Ulrich Ohlhoff (2017 tot hede)
Ds Pieter Cockeran (2014-2016)

(Berig en foto’s: Ds Gert Victor)